higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

(5050073)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

276Q1N2214

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae sorgvuldig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik.
4. Begin elke vraag op op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die twee helftes van die brein staan bekend as die linker- en regterkantse …

A lobbe.
B kwadrante.
C sfere.
D hemisfere.

1.1.2 Begeleide denke en verandering in gedrag is kenmerke van … intelligensie.

A emosionele
B praktiese
C veelvuldige
D ruimtelike

1.1.3 … is 'n metode van selfuitdrukking en selfontdekking.

A Vertelling
B Vraag en antwoord
C Vrye spel
D Eksperimentering

1.1.4 Die kopiëring van iemand anders se werk word beskou as … en strook nie met etiese gedrag nie.

A bedrog
B eksperimentering
C ontdekking
D regverdig

1.1.5 Wanneer ons iets leer waarin ons belangstel en op ons eie begin leer:

A Geïnisieerde leer
B Self-geïnisieerde leer
C Prettige leer
D Leer in die buitelug

1.1.6 … word nie by opvoedkundige instellings toegelaat nie.

A Vermaak
B Lyfstraf
C Eksperimentering
D Oplettendheid

1.1.7 Selfkennis kom van 'n sterk … intelligensie, waardeur jy jouself en jou persepsie verstaan en interpreteer.

A natuurlike
B interpersoonlike
C intrapersoonlike
D tas-kinestetiese

1.1.8 'n Jong kind, wat toegelaat word om vir lang tydperke televisie te kyk, sal 'n … uitwerking op leer ervaar.

A positiewe
B opvoedkundige
C ekonomiese
D negatiewe

1.1.9 'n Metode van onderrig waarvolgens die opvoeder nie die leerders deur hul leer kan lei nie, staan bekend as …

A e-leer.
B koöperatiewe leer.
C deelnemende leer.
D groepsleer.

1.1.10 'n Element in 'n swak sosio-ekonomiese omgewing wat intelligensie beïnvloed:

A Beskutting
B Voeding
C Status
D Skoolskoene

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Opvoeders behoort sekere inligting oor leerders vertroulik te hou.

1.2.2 Volwassenes leer die beste wanneer hulle 'n rede het om te leer.

1.2.3 Kinders het nie hul eie tempo van leer nie – hulle moet by die opvoeder se pas van onderrig byhou.

1.2.4 'n Persoon se intelligensie hang van beide natuur- en koesterende faktore af.

1.2.5 Selfgerigte leerders is buigsaam ten opsigte van die manier waarop hulle leer.

1.2.6 Tegnologie het geen invloed op 'n persoon se intellektuele ontwikkeling nie.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Romantiese verhoudings tussen 'n opvoeder en 'n leerder is 'n privaat saak wat nie deur etiek bepaal word nie.

1.2.8 Volwassenes en kinders leer albei deur betrokkenheid, ontdekking en stimulasie.

1.2.9 Onderrigmetodes hoef nie verskillende leerstyle te akkommodeer nie.

1.2.10 AGHS (‘ADHD’) is 'n sielkundige rede vir leerprobleme.

(10 × 1) (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur een van die woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

eksperimentele; terugvoer; sosiale; konsentrasie; geheue; heelbrein; huislike; speel; eksterne; doelwitte

1.3.1 Interaksie met ander vereis … vaardighede.

1.3.2 … speel 'n belangrike rol in die herroeping van inligting.

1.3.3 Aktiwiteite wat die linker- en regterbrein insluit, val onder … leer.

1.3.4 Die … onderrigmetode gee leerders die geleentheid om die wêreld buite die klaskamer te ontdek en te verken.

1.3.5 Lewensomstandighede val onder … faktore.

1.3.6 Leer behels … en persepsie.

1.3.7 Emosionele probleme word dikwels aan 'n negatiewe … omgewing gekoppel.

1.3.8 … word aan 'n leerder gegee na assessering of evaluering van 'n taak.

1.3.9 Die beste manier vir kinders om vir die eerste agt jaar te leer, is deur ...

1.3.10 Om duidelike … te hê om te bereik, sal 'n individu motiveer om te studeer.

(10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Jong kinders het nie altyd die woordeskat om hulself goed uit te druk nie. Hulle sal dikwels na iets wys wat hulle wil hê of wat hulle sien en kan begin huil of in 'n woedebui gaan wanneer hulle ontsteld is. Op hierdie stadium het hulle nog nie geleer hoe om hul emosies te hanteer nie. Die ouers se gedrag en optrede beïnvloed ook die kind. Kinders ontwikkel vinnig en dit is belangrik vir ouers om kwaliteittyd met elke kind, individueel, te bestee en om ook aktiwiteite saam met hul kinders te doen. Dit is belangrik vir hul intellektuele en kognitiewe ontwikkeling.

2.1.1 Kan die ouers wat kwaliteittyd saam met hul kinders in die scenario deurbring as samewerkende leer beskou word? Motiveer die antwoord. (1 + 2) (3)

2.1.2 Waarom word spel as belangrik vir die kognitiewe ontwikkeling van jong kinders beskou? (2)

2.1.3 Stel EEN aktiwiteit voor wat ouers met hul kind kan doen, wat hulle sal help om hul verbale kommunikasievaardighede te ontwikkel. (2)

2.1.4 Voorsien ouers van DRIE riglyne om hul kind se intellektuele vermoë te verbeter. (3 × 2) (6)

2.1.5 Stel DRIE aktiwiteite voor wat ouers saam met hul kind kan doen om linkerbreindenke te stimuleer. (3 × 2) (6)

2.1.6 Wat kan die oppasser doen indien 'n kind tydens leer in 'n woedebui gaan? Stel TWEE strategieë voor. (2 × 2) (4)

2.2 Volwassenes doen nuwe ervarings op met (**nuwe kennis**) wat hulle deur leer werf. Hulle het reeds baie ervarings opgehoop en val terug op die (**bestaande kennis en ervarings**). (**Integrasie van nuwe kennis en bestaande kennis**) sal hulle 'n nuwe perspektief en 'n nuwe ervaring gee. Hulle sal dan die nuwe geïntegreerde kennis kan toepas.

2.2.1 Rangskik die DRIE vetgedrukte stellings tussen hakies in die regte volgorde, van hoe dit volgens volwasse leer sal gebeur. (3 × 2) (6)

2.2.2 Wat beteken die term, *geïntegreerde*? (1)

[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Zonke was nog altyd goed in taal en wiskunde. Hy is baie analities en krities. Hy dink realisties oor probleme en sal logiese maniere en redes vind om dit op te los. Hy voltooi altyd sy werk op tyd, aangesien hy 'n beplande en geordende denkwyse volg wanneer hy sy studie- en werkskedule voorberei. Hy is passievol daaroor om dinge self te leer en te ontdek. Tydens eksamens, ervaar hy angs en het 'n gebrek aan selfvertroue in sy vermoëns, alhoewel hy altyd goeie punte kry.

3.1.1 Identifiseer DRIE redes uit die scenario waarom Zonke as 'n linkerbrein-leerder beskou kan word. (3 × 2) (6)

3.1.2 Volgens die vierkwadrant heelbreinmodel van Hermann, sal jy vir Zonke in kwadrant A, B, C of D plaas? (2)

3.1.3 Verduidelik die keuse van die kwadrant wat in VRAAG 3.1.2 gekies is. (2)

3.1.4 Zonke het die woord 'hond' gelees en dadelik aan sy hond by die huis gedink.

Stem jy saam dat dit heelbreindenke is of nie? Motiveer jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.2 Identifiseer TWEE situasies wat daarop dui dat Zonke 'n meer volwasse benadering tot sy studies het, al is hy nog nie 'n volwassene nie. (2 × 2) (4)

3.3 Verskaf TWEE voorbeelde uit die scenario wat aandui dat Zonke erge stres ervaar. (2 × 2) (4)

3.4 Stel TWEE maniere voor oor hoe Zonke sy twee sterk meervoudige intelligensies met ander kan deel. (2 × 2) (4)

3.5 Beskou jy Zonke se sterk intelligensies as deel van oorerwing of opvoeding (‘nature or nurture’)? (1)

3.6 Identifiseer TWEE voorbeelde uit die gevallestudie om die antwoord op VRAAG 3.5 te staaf. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr Kirby bied 'n les oor die lewensiklus van 'n mot aan. Hy het eers 'n gedeelte uit die handboek gelees en toe die belangrike feite 'n paar keer herhaal. Die leerders het ook die feite herhaal. Aan die einde van die les het mnr Kirby aan die leerders vrae gestel wat hulle moes beantwoord. Sodoende kon hy vasstel of die leerders die feite gememoriseer en die inhoud verstaan het. Daarna het mnr Kirby die groepe met die voltooiing van werkkaarte en tekeninge oor die les gehelp. Hy wou vasstel of die leerders hul gesonde verstand gebruik wanneer hulle probleme wat hulle teëkom moet oplos.

4.1.1 Identifiseer DRIE onderrigmetodes wat mnr Kirby in die aanbieding van die les gebruik het. (3 × 2) (6)

4.1.2 Verduidelik DRIE maniere waarop 'n selfgerigte leerder sal reageer wanneer hy/sy besef dat hy/sy nie die lewensiklus van die mot verstaan het nie. (3 × 2) (6)

4.1.3 Watter tipe onderrig fasiliteer mnr Kirby? (2)

4.1.4 Uit die scenario, skryf die woord/frase neer wat die onderrigmetode wat in VRAAG 4.1.3 genoem word, aandui. (2)

4.1.5 Waarom is die metode van onderrig in VRAAG 4.1.3 nie vir e-leer nie geskik nie? (2)

4.1.6 Verduidelik waarom slegs TWEE tipes leerders die meeste by hierdie tipe onderrig gebaat het? (2 × 2) (4)

4.2 Watter meervoudige intelligensietipe sal die les oor die lewensiklus van die mot die meeste geniet? (2)

4.3 Watter tipe intelligensie het mnr Kirby getoets toe hy wou vasstel of leerders hul gesonde verstand gebruik? (2)

4.4 Verduidelik TWEE elemente wat in 'n les teenwoordig moet wees om die tas-kinestetiese leerder te akkommodeer. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Tydens die COVID-19-inperking het Mev Pringle onderrig aan haar leerders tuis met behulp van e-leer aangebied. Die leerders het na 'n video oor leervermoëns en onderrigmetodes gekyk. Sy het toe aan hulle verduidelik hoe om die werkkaart aan te pak, wat sy voor die grendeltydperk aan hulle gegee het. Die leerders moes eers die onderwerp bespreek en daarna moes hulle die take op hul eie voltooi. Dit is belangrik dat die leerders na die instruksies luister en onthou hoe om die take te voltooi. Daar is 'n forum waar leerders kommentaar kan plaas of vrae kan vra.

5.1.1 Beveel TWEE leerstyle aan wat meer geskik is vir hierdie metode van onderrig en leer? (2 × 2) (4)

5.1.2 Hoekom is hierdie metode nie die mees gepaste metode vir leerders met 'n tas-kinestetiese leerstyl nie? (2)

5.1.3 Identifiseer EEN voorbeeld uit die scenario wat selfgerigte leer akkommodeer. (2)

5.1.4 Stel EEN manier voor waarop koöperatiewe leerders gedurende hierdie grendeltyd met ander kon werk. (2)

5.2 Stel TWEE metodes voor, behalwe om na 'n video te kyk, wat die opvoeder kan gebruik om visuele leer te bevorder. (2 × 2) (4)

5.3 Verskaf TWEE leermetodes vir ouditiewe leerders wat tydens die grendeltyd gebruik kon word. (2 × 2) (4)

5.4 Identifiseer TWEE gevalle in die scenario waar geheue belangrik vir die onderrigmetode is. (2 × 2) (4)

5.5 Verduidelik TWEE probleemoplossende antwoorde waarmee mev Pringle ten opsigte van onderrig en leer tydens die grendeltyd vorendag kon kom. (2 × 2) (4)

5.6 Gee TWEE voorstelle wat ouers kan implementeer om hul kinders in staat te stel om tydens mev Pringle se les te kan konsentreer. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Lucile werk al tien jaar by haar maatskappy. Sy praat gereeld met lof van die maatskappy waarvoor sy werk. Sy was nog nooit laat vir werk nie en glo dat dit oneerlik is om tydens werktyd op sosiale media te wees. Sy is toegewyd aan haar werk en is 'n voorstander daarvan om professioneel op te tree en saam met ander te werk, ongeag die diversiteit van die groep. Sy aanvaar dat almal, as werknemers in 'n maatskappy, daar is om 'n werk te doen.

6.1.1 Identifiseer TWEE kenmerke wat as beide persoonlike sowel as werkwaardes beskou kan word. (2 × 2) (4)

6.1.2 Identifiseer TWEE kenmerke wat slegs op werkwaardes van toepassing is. (2 × 2) (4)

6.1.3 Beskryf TWEE maniere waarop Lucile haar persoonlike waardes kan gebruik om met familielede en vriende te kommunikeer. (2 × 2) (4)

6.2 Definieer die term g*eloofsoortuiging*. (1)

6.3 6.3.1 Ontleed die scenario en identifiseer EEN voorbeeld wat Lucile se geloofstelsel bevestig. (2)

6.3.2 Watter aspekte van Lucile se gedrag dui daarop dat sy baie hoë etiese waardes het. (2)

6.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

In plaas daarvan om sy assesserings te voltooi en te studeer, het Lerato partytjies bygewoon en tyd saam met sy vriende deurgebring. Sy verduideliking aan die opvoeder is dat hy 'n siekte en dood in sy familie gehad het. Die opvoeder het 'n doktersertifikaat en doodsertifikaat gevra. Lerato is egter nie bekommerd oor die feit dat die sperdatum vir die voltooiing van die taak verby is nie. Hy voel die opvoeder moet sy assessering aanvaar, bloot omdat hy dit voltooi het. Indien die opvoeder nie sy assessering aanvaar nie, sal hy na die SR gaan. Vir hom is dit irrelevant dat hy meer tyd as sy klasmaats gehad het om die taak te voltooi.

6.4.1 Hoe beïnvloed Lerato se gedrag etiek in die leeromgewing? (2)

6.4.2 Stel TWEE maniere voor waarop Lerato sy geloofsoortuigings kan verbeter. (2 × 2) (4)

6.4.3 Gee TWEE voorbeelde van boeliegedrag wat Lerato geopenbaar het. (2 × 1) (2)

	6.4.4	Watter stappe het die opvoeder gedoen om aan die handhawing van etiese gedrag te voldoen?	(2)
	6.4.5	Dink jy dat Lerato eties opgetree het?	(1)
	6.4.6	Wat dink jy moet die uitkoms van die situasie wees?	(2)
			[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou